# Kontak SARS per pos of e-pos

**Jy kan SARS per e-pos kontak by die volgende e-posadresse:**

- Vir belastingpraktisyne: pcc@sars.gov.za
- Vir belastingpligtiges: contactus@sars.gov.za

Indien jy 'n ou e-posadres sien, sal 'n outomatiese antwoord gestuur word wat jou verwys na die nuwe adres. Wanneer jy 'n e-pos stuur na die nuwe e-posadresse, sal jy 'n outomatiese antwoord ontvang met 'n aangewese saaknommer. Vir maklike gebruik, sal hierdie nommer verskyn in verwante korrespondensie oor die vordering van die saak.

Die beperking op e-pos-grootte van 10 MB moet nagekom word. Jy sal deur 'n outomatiese antwoord ingelig word indien jou e-pos die beperking op grootte oorskry, en jy sal gevra word om oor in te dien. Om ons in staat te stel om spoeding jou e-pos te hanteer, word jy versoek om die grootte beperking na te kom.

Om almal veilig te hou gedurende die COVID-19-tydperk, is ons voortdurend besig om ons aanlyn-aanbiedinge op te skerp. Ons raai aan dat jy gebruik maak van die digitale dienste beskikbaar op SARS eFiling, SARS MobiApp en die SARS-aanlynnavraagstelsel vir 'n eenvoudiger en verbeterde gebruiker-ondervinding. Bykomend tot die SARS-aanlynnavraagstelsel, kan jy ook SupportingDocs@sars.gov.za gebruik vir die indiening van stawende dokumente.

Skuld jy SARS geld? Kontak ons hier vir skuld- of uitstellingsreëlings.

## Kontakbesonderhede per streek:

| Streek | Posadres | Fisiese adres | E-pos |
|---|---|---|---|
| **Streek 1:** Belastingpligtiges inwonend in Gauteng-Suid, die groter Johannesburg-area, Oos-Rand, Wes-Rand en Mpumalanga | Privaatsak x 15<br>Alberton<br>St Austellstraat | 1450<br>Mackinnonsingel<br>New Redruth<br>Alberton<br>1449 | Belastingpligtiges:<br>contactus@sars.gov.za<br><br>Geregistreerde belastingpraktisyne:<br>pcc@sars.gov.za |
| **Streek 2:** Belastingpligtiges inwonend te Gauteng-Noord (insluitend Centurion en Pretoria), Noord-Wes en Limpopo | Posbus 436<br>Pretoria<br>0001 | Proteastraat 7<br>Centurion<br>Pretoria<br>0157 | Belastingpligtiges:<br>contactus@sars.gov.za<br><br>Geregistreerde belastingpraktisyne:<br>pcc@sars.gov.za |
| **Streek 3:** Belastingpligtiges inwonend te KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap | Posbus 921<br>Durban<br>4000 | Dr. Pixley KaSemestraat 201<br>Durban<br>4001 | Belastingpligtiges:<br>contactus@sars.gov.za<br><br>Geregistreerde belastingpraktisyne:<br>pcc@sars.gov.za |
| **Streek 4:** Belastingpligtiges inwonend te die Wes-Kaap, die Vrystaat en Noord-Kaap | Privaatsak x 11<br>Bellville<br>7530 | Hoek van Teddington &<br>De Langeweg<br>Bellville<br>7530 | Belastingpligtiges:<br>contactus@sars.gov.za<br><br>Geregistreerde belastingpraktisyne:<br>pcc@sars.gov.za |

## Wat moet ek by my pos/e-poskorrespondensie insluit?

Om ons in staat te stel om jou versoek spoedig te hanteer, sluit asseblief die volgende in wanneer jy jou korrespondensie indien:

- Saaknommer (indien beskikbaar);
- Jou belastingverwysingsnommer;
- Jou volle naam/name en van;
- Jou identiteits-/paspoortnommer;
- Die trustnommer, indien jy namens 'n trust navraag doen;
- Die maatskappy se registrasienommer, indien jy namens 'n maatskappy navraag doen;
- Jou praktisynnommer, indien jy 'n geregistreerde belastingpraktisyn is;
- 'n Gesertifiseerde kopie van die volmag/magtigingsbrief, indien jy 'n belastingpligtige/maatskappy/trust/boedel verteenwoordig;
- 'n Gesertifiseerde kopie van jou ID/paspoort/bestuurslisensie, indien jy 'n belastingpligtige/maatskappy/trust/boedel verteenwoordig;
- Jou voorrang e-pos- of posadres of telefoonnommer.

**Top wenke:**

- Die indiening van opgawes, eFiling-navrae, nuwe registrasies, verandering van bankbesonderhede, hereregte-navrae, doeane-navrae word nie per pos, faks of e-pos aanvaar nie.
- Maak asseblief seker dat aanhegsels in Adobe (PDF) formaat is en nie 10 MB oorskry nie.